



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## FEBRUARIE/MAART 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

**Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat nagesien word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae. Leerders moet enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.

2. Dit is BAIE BELANGRIK dat voorsiening gemaak word vir die leerder in baie gevalle:
    - Leerders moet krediet ontvang vir die aanbieding van hul eie menings en idees in antwoorde.
    - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
    - Dit is ook belangrik dat argumente en stellings goed beredeneer en gemotiveer moet word deur verwysings na spesifieke faktore.

3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

4. Inligting en kunswerke bespreek in een antwoord, mag nie krediet kry as dit in 'n ander antwoord herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.

5. Leerders moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing.

6. Leerders mag beide twee- en drie-dimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.

7. ***Onthou dat baie leerders hierdie voorbeelde sal bespreek, terwyl hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet neem uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners onbevooroordeeld en buigbaar wees in die merkproses.***

## ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie memorandum moet dien as 'n riglyn vir nasieners sowel as 'n onderrigmiddel. Daarom is die memorandum vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as 'n onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die memorandum is slegs 'n voorgestelde gids.

- Nasieners word aangemoedig om leerders te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet leerders in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.

- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, volgens die vereistes van elke vraag. Puntsgewyse antwoorde sal nie volpunte behaal nie.

- Nasieners moet verwys na die Visuele Kunste VAR-dokument (bl. 24) se matriks as 'n riglyn om die vlakke van prestasie te bepaal.

## Assessering van leerders se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer

| PRESTASIE-KODE | LEERUITKOMS 4: VISUELEKULTUURSTUDIES ✓ |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80–100%** | • Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70–79%** | • Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon uitstekende insig en begrip. |
| **5**<br>**Substansieel**<br>**60–69%** | • Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%** | • Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. |
| **3**<br>**Bevredigend**<br>**40–49%** | • Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30–39%** | • Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%** | • Demonstreer min of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.<br>• Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon min of geen begrip of insig nie. |

## VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE TWINTIGSTE EEU

1.1 Leerders moet 'n paragraaf (ten minste EEN bladsy) skryf waarin hulle hul persoonlike interpretasie van ***Afternoon Song (Middaglied)*** gee.

Leerders se besprekings moet die volgende insluit:

**Ontleding van die kunswerk deur die formele kunselemente te gebruik**

**Lyn:** Die kunstenaar gebruik vertikale lyne, gesien in die bome, lamppale, kruis aan die bokant van die kerk en die telefoonpale. Horisontale lyne kan in die horisonlyn en die bokante van die krotte se dakke gesien word.

**Kleur:** Helder, warm en intense kleure word gebruik, bv. rooie, oranjes, gele, groene, en neutrale kleure (bruine, sepia).

**Fatsoen/Vorm:** Die kunswerk gebruik vierkantige fatsoene, gesien in die krotte. Daar is ook geronde fatsoene/vorms, gesien in die bande, drinkglase en emmer. Die kunstenaar skep perspektief deur die beelde op die agtergrond as baie kleiner te illustreer soos wat hulle in ruimte terugtrek.

**Die onderwerp en styl**

Sibisi se ***Afternoon Song (Middaglied)*** illustreer 'n informele nedersetting binne 'n landskap. Daar is verskeie woonplekke/krotte en 'n paar mense wat óf hulle dagtake verrig óf ontspan/musiek speel. Die landelike gemeenskap beeld armoede uit. Sy werk is figuurlik en hy het 'n ekspressiewe styl in sy skildery gebruik.

**Boodskappe/Simbole en/of betekenisse in die kunswerk**

Sibisi beeld hedendaagse sosiale aspekte van ons samelewing uit. Sibisi wou stories en insigte deel, en bevestig ons gemeenskaplike bande van menslikheid, van kwesbaarheid tot krag. Die fokus word deur die gesin op die regterkant voorgestel, asook die boom. Die manlike figuur speel 'n musiekinstrument en lyk asof hy 'n drank van een of ander aard drink. Die vrou en kind toon 'n gevoel van geluk terwyl hulle na die man luister. 'n Hond en die baba se bottel word op die voorgrond uitgebeeld. Die wyer gemeenskap gaan voort met hulle gewone dagtake, soos water aandra of gesels. Op die agtergrond sien ons 'n ma en kind wat in die straat loop, 'n motor en 'n figuur wat 'n huis bou, word uitgebeeld. Op 'n afstand word 'n kerk op die heuwel geïllustreer en dit dui aan dat daar geestelike/godsdienstige waardes binne die gemeenskap is. (10)

1.2 Leerders moet TWEE spesifieke kunswerke kies wat hulle bestudeer het wat die kyker bewus maak van hoe die kunstenaar(s) nie net sy/haar/hulle eie persoonlike gevoelens en idees vasgelê het nie, maar ook dié van die samelewing.

Die opstel (ten minste EEN bladsy) moet die volgende insluit:

- Naam van kunstenaar(s) en kunswerke
- Die spesifieke onderwerp/beeldgebruik wat gebruik is
- Bespreek hoe die kunstenaar(s) komposisie, tegniek, styl en die formele elemente gebruik het. (10)

**[20]**

## VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS

2.1 Leerders moet die visuele bronne in FIGUUR 2a–2d bestudeer en 'n paragraaf (ten minste EEN bladsy) skryf waarin hulle vergelyk hoe hierdie kunstenaars die mode/versierings gebruik het om identiteit te ondersoek.

Hulle moet na die volgende in hulle antwoord verwys:

- Komposisie
- Die gebruik van verskillende media
- Die stemming wat elke kunswerk uitbeeld

**FIGUUR 2a:** Pieter Hugo, ***Mallam Mantari Lamal with Mainasara (Mallam Mantari Lamal met Mainasara)***, pigment-ink op katoenlap, 2005.

Die kunswerk definieer Afrika-identiteit as vertroetelend. Die foto herinner ons aan die Maagd Maria met die baba Jesus op haar skoot. Baie kunstenaars regdeur die geskiedenis het hierdie houding in hulle kunswerke uitgebeeld. Die manlike figuur dra 'n hooftooisel/kroon met krale wat 'n koning/koninklikheid simboliseer. Hy is afgeneem terwyl hy 'n klein babatjie op sy skoot vashou. Hy is in die middel van die foto geplaas, wat hom die fokus maak. Hy is versier met rooi kralewerk en die naakte baba lê op 'n versierde rooi lap. Die rooi kleur simboliseer liefde, warmte en passie. 'n Kalm, stil, ontspanne en kalmerende stemming word geïllustreer.

**FIGUUR 2b:** Nontisikelelo Veleko, ***Beauty is in the Eye of the Beholder (Elkeen Weet wat vir Hom/Haar mooi is)***, fotografie, 2004.

Veleko beeld 'n modieuse, jong, manlike figuur uit. Die volle figuur leun teen 'n dekoratiewe/getekstureerde muur met patrone (taskwaliteit). Die muur bestaan uit ronde en diamantvorms. Die figuur met 'n ontspanne houding word in die middel van die foto geplaas. Sommige leerders mag die gewigsverplasing van die liggaam noem ('contrapposto'). Hy dra modieuse klere, 'n sonbril en 'n pet.

Hy dra 'n inkopiepakkie/-sak van een of ander aard onder sy regterarm. Die titel van die foto impliseer dat skoonheid deur almal anders geïnterpreteer word en elkeen is pragtig op sy eie manier. Daar is 'n ontspanne en gemaklike stemming.

**FIGUUR 2c:** Alexis Preller is deur Vincent van Gogh en Paul Gauguin beïnvloed. Sy ***Hieratic Women (Priesterlike Vroue)*** (1956) toon 'n reeks elemente, van die natuur, Afrika-maskers en ander Afrika-kuns. Sy werk word ook deur Egiptiese muurskilderye beïnvloed. Die olieverfskildery stel twee gefasetteerde figure voor. Beide figure is in simplistiese Afrika-tjalies met patrone geklee. Sy werk is gestileerd, organies en dekoratief. Kaalvoet-manlike en vroulike figure word binne 'n verlate landskap geplaas. Beide die figure het dekoratiewe hooftooisels, asook armbande/juweliersware wat hulle belangrikheid, moontlike koninklikheid, aandui. Perspektief word geïllustreer en dit kan versterk word deur die insluiting van 'n klein geboutjie met 'n vlag op die agtergrond. Hy gebruik natuurlike kleure (sepia, bruine en roomkleure) en daar is 'n beduidenis van modellering van kleur.

**FIGUUR 2d:** Irma Stern, ***Bahora Girl (Bahora-meisie)***, olieverf op doek, 1945.

Stern is deur die Duitse Ekspressionisme beïnvloed en is op haar reise deur die skoonheid van die plaaslike Indiese vroue in Zanzibar geraak. Sy idealiseer haar Afrika-onderwerpe. Haar werk is figuurlik, intens, lewendig en ekspressief. Die jong Bahora-meisie wat 'n grasieuse sari dra, is in 'n sittende posisie geverf. Hierdie visuele beeld is beide bekoorlik en innemend. Haar olieverfskildery is skilderkunstig en kleurvol, met warm rooie en oranjes wat dominant is. Sy het die verf met 'n kwas en 'n paletmes aangewend. Stern verf met donker buitelyne in dele van die skildery ('cloisonnism'). Die skildery word in 'n pragtig gesnede raam uitgestal. Die Bahora-meisie se bewegings is sagmoedig en haar oë is as donker poele, wat swem in die skynsel van tragedie, geverf. Perspektief is sigbaar, alhoewel oppervlakkig. Baie Suid-Afrikaanse vroue kan met die Bahora-meisie se gemoedstoestand/stemming identifiseer. Die stemming wat geskep word, is een van hartseer, melankolie en ellende. (10)

2.2 Leerders moet 'n opstel (ten minste EEN bladsy) skryf waarin hulle spesifiek verwys na ten minste TWEE kunswerke van enige plaaslike of internasionale kunstenaar(s) wat hulle bestudeer het, wat hulle voel die kwessie van identiteit in sy/haar/hulle werk ondersoek het.

Hulle antwoord moet die volgende inligting insluit:

- Inspirasie/Invloede op die werk
- Formele kunselemente wat in die werk gebruik is
- Temas en boodskappe in die werk wat 'n gevoel van die kunstenaar(s) se identiteit gee (10)

**[20]**

**VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDS- OF PROTESKUNS IN SUID-AFRIKA**

3.1 Leerders moet hierdie twee kunswerke vergelyk deur die volgende te bespreek (ten minste EEN bladsy):

**Die uitbeelding van menslike figure. Verwys na die gebruik van vorms en lyne.**

**FIGUUR 3a:** Aan die linkerkant hou 'n skreeuende, beangste vrou haar dooie kind vas. Soos wat sy skree, word haar tong as 'n swaard of 'n stuk glas geïllustreer. Die hele skildery bestaan uit skerp, gefasetteerde vorms. Aan die onderkant van die skildery lê 'n verslane krygsman wat 'n gebreekte en onbruikbare swaard vashou. Heel aan die regterkant hardloop 'n vrou wat aan die brand is, skreeuend uit 'n brandende gebou, terwyl 'n ander vrou sielloos vlug. In die boonste, regterkantste hoek kom 'n vrou, wat net deur 'n kop verteenwoordig word, uit die brandende gebou te voorskyn en hou 'n lamp voor haar uit om die aakligheid te verlig. Daar is 'n sterk gevoel van buitelyne wat die gelaatstrekke beskryf en vorms binne die werk skep. Die swart lyne oor sekere areas kan geïnterpreteer word as die koeëlgate van masjiengewere.

**FIGUUR 3b:** Sy werk toon beangste figure, dikwels verwronge, asof hulle intense pyn ervaar. Die figure is duidelik Afrikane. Daar is twee vreemde figure wat op koeie gebalanseer is en wat wild en onmenslik lyk. Die een is 'n driebenige, gemaskerde man wat op die rûe van twee koeie dans. In die middel is 'n ontstelde en naakte figuur. Die werk is 'n uitvloeisel van sy onderbewussyn. 'n Baba drink melk aan 'n ander koei. 'n Dominee preek, maar niemand luister nie. Dit lyk asof twee mense dagga rook – dalk rook hulle om hulle pyn te verdof. Op die agtergrond dwaal skadufigure en -diere in die donker rond. Die werk is oor die twee vierkante meter groot. Hy het dit op koerantpapier geteken – een van die goedkoopste papiere beskikbaar. Sy tekenstyl maak lyne 'n belangrike kenmerk van hierdie werk.

**Die organisasie van die figure en die ruimte**

**FIGUUR 3a:** Die komposisie vorm 'n piramide wat deur krom en reguit lyne gebalanseer word. Die voorwerpe en figure is gebroke. Die gesigte/portrette het twee oë, selfs al word hulle van die kant af getoon. Die monde is oop en hulle skree. Die ruimte is plat en gefragmenteerd met 'n ontploffing van wit, grys en swart. Die afwesigheid van kleur pas by die uitbeelding en verhoog die drama van die skildery. Dit herinner ons aan 'n koerantfoto wat verslag doen oor 'n gebeurtenis.

**FIGUUR 3b:** Die gestileerde figure is in twee lae gerangskik – donker figure op die agtergrond en ligter/helderder figure op die voorgrond. Die agtergrond word bevolk deur diere en mense wat lyk asof hulle in 'n onderwêreld leef waar die nag seëvier. Die figure op die voorgrond is verlig en dit laat hulle spookagtig lyk. Hulle handelinge is verwarrend. Die komposisie is onlogies en chaoties, soos gesien in die wilde verstrooiing van figure en diere. Die perspektief is vlak en die skaal is uit verhouding uit.

**Simbole in hierdie werke, byvoorbeeld die bul in *Guernica* en die koeie in *An African Guernica ('n Afrika-Guernica)***

**FIGUUR 3a:** Die bul is simbolies van Spaanse bulgevegte. Die bul word 'n simbool van brutaliteit en donkerte, terwyl die sterwende, deurboorde perd goedheid uitbeeld en voorstel wat die Spanjaarde moes verdra. 'n Duif word met 'n fyn buitelyn geïllustreer en simboliseer vrede. Alhoewel hierdie 'n toneel van vernietiging is, is daar 'n paar simbole van hoop. Aan die onderkant van die skildery hou 'n arm 'n swaard en 'n blom vas. Aan die bokant van die skildery word 'n gloeilampie binne 'n oog weergegee, weereens 'n simbool van hoop en lig vir 'n beter lewe.

**FIGUUR 3b:** Die koeie word direk in verband gebring met Suid-Afrikaanse rykdom en die tradisionele lewe. Binne die chaotiese komposisie word die koeie deel van die malheid, soos gesien in die baba wat aan 'n koei drink. Eende is ook geteken, maar is sekondêr. Die toneel sou kon illustreer hoe die townships, tradisionele leefstyl en waardes gedurende die apartheidsera vernietig is.

**Wat hierdie werke sê oor oorlog en die lewe in Suid-Afrikaanse townships**

**FIGUUR 3a:** Picasso het hierdie enorme skildery gemaak om die sinnelose bombardering te veroordeel, sonder spesifieke verwysing na die gebeurtenis – geen bomme of Duitse vliegtuie word uitgebeeld nie. Die beelde wat gebruik word, skep 'n luide protes van menslike pyn. Hierdie skildery het 'n gedenkteken geword vir alle misdade teen die mensdom in die twintigste eeu.

**FIGUUR 3b:** Dumile Feni, gebore op 21 Mei 1942, het Suid-Afrika in 1968 as banneling verlaat, nadat die kragtige uitlatings wat in sy werk gemaak is, teistering deur die apartheidsveiligheidsmagte tot gevolg gehad het. '*My onderwerpe is Afrikane omdat hulle my mense is, maar my boodskap, die idee wat ek probeer oordra, het niks te doen met rassehaat nie. Ek stel nie belang in die politiek nie. My situasies is menslik, dit is al.*'

Feni is beskryf as die 'Goya van die townships'. Hy teken nie regte gebeurtenisse of regte mense nie en sy figure en diere is skrikwekkende simbole van die afgryslikheid van die township-lewe. Hulle verteenwoordig die lyding van swart mense wat gedurende apartheid gelewe het.

**Gee 'n rede hoekom jy dink Dumile Feni sy tekening na Picasso se *Guernica* vernoem het.**

Picasso se weergawe het Feni geïnspireer om sy eie Afrika-weergawe te gee wat op die psigose van apartheid kommentaar sou lewer. Net soos Picasso se ***Guernica***, vervul Dumile se werk ons met afgryse.

(10)

3.2 Leerders moet bespreek hoe enige ander kunstenaar(s) die verskrikking/ afgryse en lyding van menslikheid in sy/haar/hulle werke uitgebeeld het. Hulle moet na TWEE spesifieke kunswerke wat hulle bestudeer het, verwys.

Inligting oor die volgende moet ingesluit word (ten minste EEN bladsy):

- Gebruik van formele kunselemente
- Onderwerp en inhoud
- Stilistiese kenmerke (10)

**[20]**

## VRAAG 4: KUNSVLYT ('CRAFT') EN TOEGEPASTE KUNS

4.1 Leerders moet die volgende in 'n opstel (ten minste EEN bladsy) met betrekking tot die visuele bronne in FIGUUR 4a–4d bespreek:

**Die mengsel van tradisionele kunsvlyttegnieke met 'n kontemporêre kinkel**

**FIGUUR 4a:** Die eeueoue kandelaar kry 'n nuwe, kontemporêre kinkel deur, onder andere, herwinde glasbottels, joghurthouers, geluksHangertjies, koperdraad, mosaïek, stukkies spieël, speelgoed, houers, plastiek en hondekosblikke te gebruik.

**FIGUUR 4b:** Tradisionele weef- en mandjievlegvaardighede is gebruik om 'n hoogmode-ontwerpte uitrusting te skep.

**FIGUUR 4c:** Kleurvolle handgeborduurde Afrika-muurbehangsel wat gestileerde voëls en vorms uitbeeld. Tradisionele krale is gebruik om hierdie patrone te skep. Die gebruik van haakspelde skep 'n interessante oppervlak.

**FIGUUR 4d:** Merle Payne se drabare kuns is in die vorm van rompe wat deur die stamme van Suidelike Afrika geïnspireer is. Dit sluit rye koord, lint-randversierings van die Vendas en die knopies van die Zoeloes in. Payne borduur sorgvuldig motiewe of speld linte en koord op die kledingstukke vas. Die kledingstuk kan in die tradisionele Venda-styl gedra word, as 'n romp en onderrok, of as 'n romp en mantel, of kan gebruik word as 'n muurbehangsel. Die Mona Lisa skep 'n interessante kontras met die Afrika-geïnspireerde versierings.

**Redes waarom hierdie items nou sulke gesogte versamelaarsitems is**

**FIGUUR 4a–4d:** Al hierdie werke is versamelbare kuns/ontwerpe as gevolg van die kreatiwiteit, innovering en vaardigheid om hulle te maak. Alhoewel amper almal van hulle funksioneel is, is hulle ook voorwerpe van skoonheid, byvoorbeeld Payne se romp (FIGUUR 4d) wat gedra kan word, maar ook 'n muurbehangsel is.

**Die belangrikheid daarvan om kunsvlyt en ontwerp te herskep om by kontemporêre smake vir dinge soos werkskepping en die bemagtiging van gemeenskappe aan te pas**

**FIGUUR 4a:** Hierdie werk is deur 'n kunsproduksiegemeenskap met 'n sosiale gewete gemaak, deur 'n wye reeks herwinde materiale en rommel-elemente wat deur die mense in die gemeenskap (die Rooidoppies-projek met die doel om mense te bemagtig deur die voorsiening van tegniese ondersteuning aan inkomste-genererende ondernemings) bymekaargemaak is, te gebruik.

**FIGUUR 4c:** Hierdie lap is liefdevol deur die vroue van Chivirika se Selfhelp-projek gemaak. Chivirika beteken *Werk hard vir jou oorlewing.* Chivirika laat ongeletterde, landelike vroue toe om hulself deur borduurwerk uit te druk. Die beelde is vir die borduurders dieselfde as letters vir die geleerdes.

**FIGUUR 4d:** '*Daar is baie armoede in die gebied,*' sê Payne. '*Die mans op die plaas werk in die houtnywerheid, maar die vroue het maar net by die huis rondgesit en niks gedoen nie, so ek was op soek na 'n arbeidsintensiewe projek om werk te skep vir hulle.*'

Soos uit die bostaande gesien kan word, speel die herskepping van kunsvlyt en ontwerp 'n belangrike rol in baie benadeelde gemeenskappe om hulself te bemagtig en 'n inkomste te skep.

Soos wat modes verander, is dit belangrik vir kunsvlyt en ontwerp om nie net aan te pas nie, maar om innoverende produkte te maak om by kontemporêre smake te pas. Deur dit te doen, maak ontwerpers/handwerkers seker dat tradisionele vaardighede nie verlore gaan nie, maar eerder herskep word. Die gebruik van herwinde materiale is ook belangrik omdat mense meer groen-bewus word.

**Watter een van hierdie items is jou gunsteling? Gee redes vir jou keuse.**

Leerders moet hulle keuse motiveer deur betekenisvolle redes te gee. (10)

4.2 Soos in die visuele bronne gesien, pas baie kunshandwerkers en ontwerpers die tradisionele kunsvlyt aan om by kontemporêre smake aan te pas. Baie mense glo egter dat dit sal lei tot die verdwyning van tradisionele kunsvlyt en die verlies aan vaardighede.

Leerders moet hulle mening oor die stelling gee. Hulle moet hulle mening motiveer deur die werk van TWEE ander handwerkkunstenaars wat hulle bestudeer het, te bespreek (ten minste EEN bladsy). (10)
**[20]**

**VRAAG 5: KUNS EN MAG – GEDENKGEBOUE, -TEKENS EN -KUNSWERKE ('COMMEMORATIVE BUILDINGS, MEMORIALS AND ARTWORKS')**

5.1 Leerders moet 'n paragraaf (ongeveer EEN bladsy) skryf waarin hulle hierdie beeldhouwerk bespreek.

Leerders moet die volgende kwessies in hulle antwoord oorweeg:

- Leerders se mening oor hierdie beeldhouwerk. Geldige redes vir hulle antwoord moet gegee word.
- Dink hulle die plasing van hierdie beeldhouwerk by die ingang van 'n internasionale lughawe was 'n goeie keuse?
- Dink hulle, omdat hy nie sy skild en spies vashou nie, dat dit lyk of Shaka in 'n posisie van oorgawe is? Redes vir hulle antwoord moet gegee word.
- Dink hulle dat, sodra die opdrag vir 'n openbare beeldhouwerk ontvang is, dit geskep en geïnstalleer is, die werk verander behoort te word?
- Dien openbare kunswerke/gedenkgeboue 'n doel? Hulle moet hulle antwoord motiveer/staaf.

Die volgende inligting kan vir hierdie antwoord gebruik word:

- Die kunstenaar het 'n groter as lewensgrootte, brons beeldhou-installasie van Koning Shaka met Nguni-beeste vir die nuwe King Shaka Internasionale Lughawe in Durban, Suid-Afrika, voltooi.
- Onthulling: Saterdag, 8 Mei 2010
- Botha wou 'n beeld vertoon van 'n filosofiese koning, militêre idealis en denker wat daartoe in staat was om sy stam te verenig.
- Hy wou Koning Shaka uitbeeld op die land, in 'n diepnadenkende, mediterende bui.
- Shaka word getoon as 'n volwasse man wat tussen die twee beeste op 'n baie rustige, nadenkende manier staan en in die rigting van die Vallei van die Konings kyk.
- Hy is versier met spesifieke items wat sy status as koning toon.
- Botha wou hê dat die kyker by die standbeeld betrek moes word/ interaksie daarmee moes hê, om hierdie geskiedkundige figuur wat dikwels uitgebeeld is as 'n bloeddorstige diktator wat deur dwang geregeer het en vrees by sy mense ingeboesem het, te vermenslik.
- Hierdie uitbeelding is nie net 'n groot ondiens aan hierdie legendariese koning nie, maar dit verbloem die innoverende sy van sy heerskappy wat hy vermag het sonder die morele ondersteuning van enige presedent.
- Die beeldhouer se aanbieding van Shaka in 'n filosofiese, nadenkende houding, sonder sy spies en skild gereed vir die stryd, dui 'n groot breuk met die dikwels geykte aanbieding van hom as 'n 'edele barbaar' aan, na 'n meer komplekse en genuanseerde filosofiese koning.
- Hy kyk noord in die rigting van die voorvaderlike land van die Zoeloes in die Vallei van die Konings en nooi besoekers uit om die streek se diepe geskiedkundige en kulturele nalatenskap te waardeer.
- Die teenwoordigheid van die bul, koei en twee kalfies in die beeldhouwerk is belangrik op ten minste drie maniere: Die beeste verteenwoordig materiële en geestelike rykdom in die Zoeloekultuur en kalfies verteenwoordig die voortsetting en toekoms van hierdie kultuur.

- Niemand behoort hierdie interpretasie vir 'n lughawe, wat ten doel het om dié streek met die wêreldekonomie te verbind, aan die een kant, en om die teenwoordige met die verlede te verbind, aan die ander kant, te bevraagteken nie. (10)

5.2 Leerders moet 'n opstel van ten minste 1–1½ bladsye skryf, waarin hulle enige TWEE argitektoniese konstruksies/geboue, standbeelde en/of openbare kunswerke wat hulle bestudeer het, bespreek.

Die volgende moet in hulle opstel ingesluit word:

- Name van voorbeelde wat bespreek is
- Gebruik van materiale en tegnieke
- Betekenis van die ligging van die gebou/struktuur/kunswerk
- Doel/Funksie van gebou/struktuur/kunswerk
- Bespreking van dekoratiewe kenmerke/beeldgebruik, waar van toepassing
- Hulle reaksie op hierdie strukture en hulle betekenis (10)

**[20]**

**VRAAG 6: ROL VAN FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE APARTHEID/POST-APARTHEID**

6.1 Bhekisani Manyoni, ***Ploughing on a Farm (Ploeg op 'n Plaas)***, linosnee, 1997.

Leerders moet 'n kort analise (ongeveer ½–1 bladsy) oor hierdie werk skryf:

- Manyone beeld 'n tydlose, landelike toneel uit met ingespanne osse wat die grond ploeg.
- Die sterk positiewe en negatiewe vorms wat deur die linosneetegnieke geskep is, skep 'n paar interessante kontraste soos gesien word in die swart vorms van die berge, hutte en osse, wat teen die wit van die lug en land uitstaan.
- Groepies byekorfhuise toon tradisie en gewoonte en 'n gevoel van gemeenskap – mense wat saam woon en werk.
- Problematiese sprinkane en voëls wat wag om die sade te pik, stel 'n paar van die risiko's van boerdery voor.
- Die grootte van die sprinkane in verhouding met die figure en diere is erg buite verhouding.
- Die vlieënde voëls het ook 'n meer goedaardige betekenis in hierdie werk, want hulle is die geeste van die voorvaders wat oor die land waghou.
- Manyoni se gebruik van lyn vang die dekoratiewe potensiaal van die verskillende dele van die toneel suksesvol vas.
- Die bome op die agtergrond skep 'n interessante, amper abstrakte, ornamentering teen die wit lug.
- Die lineêre dele agter die hutte skep 'n interessante kontras teen die heuwels op die agtergrond.
- Die donker skyf van die Afrika-son word deur die bome gesien en is in strenge kontras met die loutere helder, wit lug. (8)

6.2 Leerders moet 'n opstel (ongeveer 1½ bladsye) skryf waarin hulle ten minste EEN spesifieke Suid-Afrikaanse gemeenskapskunssentrum bespreek wat hulle bestudeer het.

Jy moet die volgende in jou antwoord insluit:

- Naam van die kunssentrum
- Wat dit aan die studente gebied het
- 'n Bespreking van hierdie sentrum se bydrae tot Suid-Afrikaanse kuns
- 'n Spesifieke bespreking/ontleding van die werk(e) van ten minste EEN kunstenaar wat by hierdie sentrum opgelei is (12)

**[20]**

**VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA**

7.1 Leerders moet die visuele bronne (FIGUUR 7a–7d) en die bostaande inligting deeglik bestudeer. Hulle moet enige TWEE van hierdie werke in 'n paragraaf (ongeveer ½–1 bladsy) bespreek. Hulle moet hierdie kunswerke aan 'n gewone kyker verduidelik deur die volgende te bespreek en daaroor te debatteer:

**Die gebruik van verskillende materiale en/of diere in die skepping van hierdie kunswerke**

**FIGUUR 7a:** In 1997 het Olly en Suzy na Suid-Afrika gereis om 'n reeks skilderye onder die water van een van die mees gevreesde en misverstane roofdiere van die wêreld, die Groot Wit Haai, te maak. Met die vriendelike hulp van die Withaai-navorsingsinstituut was hulle in staat om in hokke af te gaan en hierdie wonderlike kreature waar te neem en hulle van uiters naby te verf terwyl hulle gevreet het. Hulle het hulle handgemaakte papiere op polistireenborde vasgemaak en niegiftige waterbasisverwe, grafiet en oliestokkies gebruik om onder die water te verf en te teken. Hulle het toe die papier op groot, drywende skuimborde laat dryf, die omgekeerde van wat met donker verf en visaas bedek is. Die haaie het 'hulle' visuele beelde met gereëlde intervalle aangeval en gebyt. Die silhoeët het dalk 'n rob, die gunstelingprooi van die Groot Wit Haai, voorgestel. Die haaibytfoto is geskep in samewerking met verslaggewing-fotograaf Greg Williams. Diere word aangemoedig om fisies op hulle skilderye te reageer en die werke aan stukke te skeur, te byt of te krap – hulle merk te maak – die bewys van 'n unieke opvoering.

**FIGUUR 7b:** Kac beskou homself as 'n 'transgenetiese kunstenaar' of 'biokunstenaar', deur biotegnologie en genetika te gebruik om uitdagende werke wat wetenskaplike tegnieke ondersoek en kritiseer, te skep. In ***Alba*** het Kac 'n Franse laboratorium opdrag gegee om 'n groen, fluoresserende hasie te skep; 'n hasie waarin 'n groen, fluoresserende proteïen (GFP) -geen vanaf 'n soort jellievis, ingeplant is. Alba is 'n oulike, klein albino-hasie met 'n wollerige pels, maar wanneer haar lyfie met blou lig verlig word, neem sy 'n bonatuurlike voorkoms aan en haar hele lyfie – pels, oë en selfs snorbaarde – stel 'n fluoresseer-groen gloed onder 'n spesifieke blou lig vry. Die hasie fluoresseer groen.

Na 'n kort tydperk as 'n installasiewerk, waarin Kac en Alba in 'n pseudowoonplek in 'n galery gewoon het, was Alba veronderstel om huis toe te gaan en saam met Kac se gesin te woon. Op die laaste minuut, net voor die geskeduleerde vrylating van Alba aan Kac, het die laboratorium hulle ooreenkoms teruggetrek en besluit dat Alba in die laboratorium moes bly. Alba se lewensduur bly 'n oop vraag. Sy mag dalk dood wees, of nie, maar hase in aanhouding het gewoonlik nie 'n volle lewensduur van agt tot twaalf jaar nie. GFP-plante, -visse en -soogdiere is langtermyn-inwoners van wetenskaplike laboratoriums. Sedert Alba se konsepsie het veral GFP-sebravisse die kommersiële mark onder die kopieregnaam, GloFish, getref.

**FIGUUR 7c:** Koons het in 1992 opdrag gekry om 'n werk vir 'n kunsuitstalling in Duitsland te skep. Die gevolg was ***Puppy***, 'n 12,4 m-hoë snoeikuns-beeldhouwerk van 'n West Highland White Terrier-hondjie, geskep van 'n verskeidenheid blomme op 'n staalsubstruktuur. Die werk is in 1997 deur die Solomon R Guggenheim Foundation gekoop en op die terras buite die Guggenheim Museum Bilbao geïnstalleer. Voor die inwyding by die museum het drie Euskadi Ta Askatasuna (ETA) -lede wat as tuiniers vermom is, probeer om blompotte wat met plofstof gevul is, naby die beeldhouwerk te plant. Hulle is uitoorlê deur die Baskiese polisie-offisier, Jose María Aguirre, wat toe deur ETA-lede doodgeskiet is. Die plein waarop die standbeeld tans staan, het die naam Aguirre. ***Puppy*** word deur 'n metaalstruktuur, wat vier vloere en 'n interne besproeiingstelsel het, ondersteun. Die struktuur is met grond bedek en word beskerm deur 'n geperforeerde geo-tekstiel-mantel. Die blomme wat die pels van die asemrowende hond uitmaak, word in gate in hierdie mantel geplaas en moet elke ses maande vervang word. In die herfs en winter is ***Puppy*** oortrek met 50 000 gesiggies; vir die lente en somer word 'n kombinasie van 45 000 blomme in warmer kleure gekies: begonias, petunias en Chinese angeliere in rooi, oranje, pienk en wit. Die verandering van ***Puppy*** se pels neem 'n week en daar moet steiers opgerig word. Die weggooiblomme word as geskenke vir die museumbesoekers aangebied. In ooreenstemming met sy vorige werk het Koons, deur die kombinasie van eliteverwysings (snoeiwerk en hondeteelt) met dié van die massas (Chia-troeteldiere en Hallmark-kaartjies) hierdie openbare beeldhouwerk ontwerp om onverbiddelik te lok, om optimisme te skep en om (in sy eie woorde) 'vertroue en veiligheid' in te prent.

**FIGUUR 7d:** Hierdie kalf van 2,15 meter in formaldehied, ***Golden Calf (Goue Kalf)***, is gekroon met 'n soliede goue skyf, terwyl sy hoewe en horings in 18-karaat-goud gegiet is. Die werk staan op 'n marmerbasis en is toegemaak in 'n goudgeplateerde houer. Damien Hirst se ***Golden Calf (Goue Kalf)*** is vir £10,3 miljoen verkoop tydens 'n veiling van sy werk in September 2008 in Londen.

**Die boodskap wat deur die kunstenaars oorgedra word**

**FIGUUR 7a:** '*Soos wat ons begrip van die haai gegroei het, het ons begin besef dat hulle in werklikheid nie die toevallige moordenaars van die mens is soos wat ons laat glo is nie, maar dat hulle in der waarheid intelligente en kieskeurige eters is. Hulle maak ons bewus van die skoonheid en grootsheid van hierdie merkwaardige roofdier.*' Olly en Suzy werk op wilde plekke en probeer om 'n teken of spoor van kreature wat nou hier is, maar nie meer vir lank gaan wees nie, te neem. Groot Wit Haaie het die bedreigdespesie-status gekry.

**FIGUUR 7b:** Kac beweer dat Alba slegs 'n nuwe kunsvorm vir die 21ste eeu is wat kuns met wetenskap verbind. Hy het, egter, die gekombineerde woede van wetenskaplikes, etici en diereregte-aktiviste uitgelok. Sy teenstanders argumenteer dat die gebruik van wetenskaplike gereedskap vir kuns se ontwil nie net dwaas is nie, maar ook gevaarlik. Sy kritici is skepties. Is Alba kuns? Indien wel, wat 'beteken' sy? Is sy die eerste tree in die rigting van 'n reeks ontwerperstroeteldiere?

**FIGUUR 7c:** Die betekenis van 'n normale hondjie verander as Koons plante en blomme in plaas van pels gebruik. Die betekenis van ***Puppy*** word hersaamgestel in die behoefte om die lewe te vier as gevolg van die verganklikheid daarvan, soos voorgestel deur die blomme en plante wat gereeld vervang moet word omdat hulle vrek. Die werk in sy konteks het die wêreld oor gereis, wat Koons se idee van kuns as hoop wat versprei moet word, weerspieël. Nogtans bestaan ***Puppy*** om ons te laat glimlag en dalk ons koppe in verwondering te skud.

**FIGUUR 7d:** ***Golden Calf (Goue Kalf)*** – die titel wat Hirst se belangstelling in godsdienstige temas voortsit, verwys na die valse gode wat die Israeliete opgerig en aanbid het voordat 'n woedende Moses hulle uitgeskel het oor afgodery. Hirst ondersoek kwessies oor die dood, doodgaan en ons kort lewensduur in die konfrontasie met die dooie dier.

**Jou persoonlike gevoelens (positief of negatief) oor die gebruik van diere in hierdie kunswerke. Motiveer jou antwoord.**

Hierdie werke lok verskillende reaksies uit. Terwyl Koons se ***Puppy*** (FIGUUR 7c) ons laat glimlag en die lewe laat waardeer (die groeiende blomme), kan die ander werke gevoelens van ongemak skep, veral sonder 'n duidelike begrip van die verskillende werke. Leerders mag na die skending van diereregte verwys – Damien Hirst se formaldehied-kalf. Die 'moeilikste' voorbeeld is Kac se Alba, wat die veld van genetiese manipulasie betree. Dit is 'n stryd, met die toenemende onduidelike onderskeid tussen kuns, die lewe en wetenskap. Gee krediet aan leerders met betekenisvolle argumente.

Hierdie werke volg in Duchamp se voetspore met die klem op idees en die gebruik van nuwe/nie-kuns-materiale. Die werke is avant-garde en versteur die gevestigde grense tussen kuns, wetenskap en politiek. Hulle ondersoek kontemporêre kwessies soos die mens se uitwerking op diere, soos die onnodige doodmaak van wilde diere, bv. haaie, genetiese manipulasie en kwessies rondom godsdiens en die dood. Hierdie werke verander en verbreed die idee van kuns. Hulle moet geëvalueer word in terme van die idee, innoverende gebruik van materiale, skaal en tegnieke. (8)

7.2 Leerders moet 'n opstel (1–1½ bladsye) skryf waarin hulle die werk van enige TWEE multimedia-kunstenaars wat hulle bestudeer het, bespreek.

Hulle opstel moet die volgende insluit:

- Name van die kunstenaars en titels van die kunswerke
- Beskrywing en ontleding van kunswerke
- Die gebruik van materiale en tegnieke
- Boodskappe en/of betekenisse in die kunswerke
- Maniere waarop hierdie kunswerke die kyker se idee van kuns versterk en verbreed (12)

**[20]**

**VRAAG 8: KUNS EN DIE GEESTELIKE (SPIRITUELE) GEBIED – KWESSIES IN KUNS RAKENDE GELOOFSTELSELS, DIE GEESTELIKE IN KUNS**

8.1 In al die visuele bronne word 'n moeder en kind uitgebeeld. Leerders moet die visuele bronne in FIGUUR 8a–8c bestudeer en 'n paragraaf (ten minste ½–1 bladsy) skryf waarin hulle die volgende bespreek:

**Die manier waarop die spesifieke medium die styl en uitdrukking van die tema in elke werk beïnvloed**

**FIGUUR 8a:** Dit is 'n beeldhouwerk uit hout en bestaan uit silindriese vorms. 'n Mens kan ook die beitelmerke sien wat deur die beeldhouer gemaak is.

Die baba word voorgestel waar dit aan die ma se rug hang. Die ma se uitdrukking is een van diepe verering. Die sittende beeldjie is halfnaak en haar lang nek dra 'n gevoel van opperste waardigheid oor. Die beeldjie is gebeeldhou dat dit 'n offerbak vashou, en het 'n heupketting, arm- en voetringe en 'n nekketting met 'n amulet. Verdere versierings is sigbaar in die hoog opgehoopte, oordadige kapsel.

**FIGUUR 8b:** Dit is 'n olieverfskildery wat naturalisties en 'soos 'n venster op die wêreld' is. Klem is geplaas op waarneming (persepsie) en 'kopiëring' van die wêreld. Wonderbaarlike tegniese vaardigheid het die perfekte naturalisme moontlik gemaak. Warm kleure, bv. rooie en oranjes, is versigtig gemeng om die werk ryk te maak. Daar is 'n sagte lig.

Hierdie tondo (ronde skildery) toon hoe Moeder Maria formeel in die ronde formaat geïnkorporeer word deur die buiging van haar kop en die kromme van haar regterarm. Haar liggaamstaal druk ongekunsteldheid en 'n aangetrokkenheid tot die rustige, tevrede Christuskind. Kalmte, balans en harmonie. Raphael skep die skatlikheid en skoonheid van die Maagd.

**FIGUUR 8c:** Dit is 'n kleurfoto. Die fotograaf se werk is eintlik meer oor die redigering van 'n toneel – om te besluit op watter aspekte daar gefokus moet word, hoe om visuele belangstelling te skep, ens. Hierdie is nie 'n toevallige foto nie, maar 'n versigtig gekose toneel. *'Om 'n tekening te maak, begin jy by 'n blanko bladsy wat gevul moet word, waar die proses met fotografie presies die teenoorgestelde is. Jy begin met 'n vol raam en doen dan die redigering.*

*Die geredigeerde oomblik, die presiese gekose beeld wat deur die kunstenaar se oog geraam word, is die beeld wat sal bly as die blywende rekord.*'

Volgens Mthethwa '*gee die keuse van fotografering in swart en wit deur die meeste fotograwe 'n akute, politieke hoek van verlatenheid en leegheid. Ek glo nie dat armoede gelyk is aan degradering nie. Vir my herstel kleur mense se waardigheid. Ek vra myself af waarom ons, as fotograwe, kleur van hierdie mense moet weerhou, terwyl dit so 'n belangrike rol in hulle lewens speel.*'

**Formele kunselemente**

**FIGUUR 8a:** Dit is 'n soliede, gestileerde, driedimensionele figuur – 'n silindriese interpretasie van die menslike figuur. Die borste word twee uitstaande kegels. Daar word klem geplaas op die gestileerde gesig met groot oë en die wenkbroue vorm 'n boog met die neus. Die beeldhouwerk het geen interne holtes nie, behalwe vir onder die knieë. Die kunswerk het minimale beweging. Die kunstenaar het die hout se natuurlike kleur gebruik.

**FIGUUR 8b:** Die ruimte is vlak soos wat die voorgrond dominant word. Die skildery is tweedimensioneel. Raphael se teiken was perfekte geometriese vorms binne die tondo-komposisie. Die figure is op so 'n manier gerangskik dat dit lyk asof dit 'n spiraal binne die ronde formaat vorm. Chiaroscuro – die kontras tussen lig en donker – is in die skildery gebruik. Houdings is baie natuurlik. Die primêre rooi, geel en blou kleure gloei teen die plat, donker agtergrond. Die Maagd se tulband en bostuk met patrone is in kontras met die kinders se eenvoudige klere.

**FIGUUR 8c:** Die fokus word geskep deur die moeder en kind in die middel van die werk te plaas. Hulle geronde vorm is in kontras met die vierkantige/ reghoekige vorms van die tafel, agtergrond, ens. aan die regterkant van die foto. Diagonale lyne is dominant en lei die kyker na die middel van die prentvlak. Vertikale lyne is teenwoordig in die muurskeiding, kerse en die kruis op die tafel. Die kleurgebruik is warm en ryk, soos gesien word in die oker se rooie en bruine. Die kraakwit, gesien in die klere van die moeder en kind, skep 'n kontras. Dit herinner ons aan die gebruik van chiaroscuro in Barokwerke.

**Redes waarom die werke as geestelike kunswerke gesien kan word**

**FIGUUR 8a:** Die tema van die figuur is moontlik nie soseer die moeder se teerheid teenoor haar kind nie, maar eerder die godsdienstige, wat daarop gemik is om haar baba se gesondheid en welstand te verseker. Hierdie figure het ook gedien as dankoffers in 'n tempel deur vroue wie se pleidooie – bv. vir die wekking van 'n kind of die herstel van 'n siek kind – die ore van hulle geestesgod bereik het.

**FIGUUR 8b:** Alhoewel dit 'n godsdienstige werk is, kan mense van alle godsdienstige oortuiginge aansluiting vind by die groot en universele teerheid tussen 'n moeder en kind.

**FIGUUR 8c:** Hierdie toneel herinner ons aan die uitbeeldings van Die Madonna en Kind-skilderye (soos in FIGUUR 8b), versterk deur die godsdienstige items, bv. die plakkaat van die Sion-Christenkerk van God, die kerse en die kruise. As ons deeglik kyk, sien ons die armoede van die ruimte, maar daar is 'n waardigheid en geestelikheid in die vrou wat die oorwinning van die menslike gees wys. (8)

8.2 Leerders moet 'n opstel (ongeveer 1½ bladsye) skryf waarin hulle ten minste TWEE kunswerke wat hulle bestudeer het en waarin die kunstenaar(s) gekies het om die kwessies van geestelikheid en/of godsdiens oor te dra, bespreek.

Hulle moet die volgende in hulle opstel insluit:

- Naam/Name van die kunstenaar(s)
- Titels van werke
- Die gebruik van formele kunselemente
- Die oordra van geestelike en/of godsdienstige sake deur die moontlike betekenisse en interpretasies van hierdie kunswerke te bespreek (12)

**[20]**

## VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES IN SUID-AFRIKAANSE KUNS: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

9.1 Leerders moet die visuele bronne in FIGUUR 9a–9d, asook die onderskrifte, bestudeer en moet enige TWEE voorbeelde kies om in hulle bespreking (ongeveer EEN bladsy) te gebruik.

Hulle moet die volgende in hulle bespreking oorweeg:

- Die rolle en belangstellings van die twee kontemporêre vrouekunstenaars wat hulle gekies het
- Die gebruik van media
- Moontlike betekenisse en interpretasies van hierdie werke (8)

9.2 Leerders moet die werk van enige TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het en wat kommentaar lewer op geslagskwessies in hulle werk, bespreek.

Leerders moet die volgende in hulle opstel van ten minste 1–1½ bladsye insluit:

- Die name en titels van kunswerke wat bespreek word
- Hoe die kwessies oor geslag in hulle gekose voorbeelde uitgebeeld word
- Materiale en tegnieke gebruik
- Gebruik van formele kunselemente
- Leerders se opinie van die werk. Hulle moet geldige redes vir hulle antwoord gee. (12)

(Sien volgende bladsy.)

**FIGUUR 9a: Jacki McInnes, *Untitled (Ongetiteld)***

- Jacki McInnes, gewoond aan werk in radiografie, maak gebruik van lood in haar werk.
- Lood het meersinnige hoedanighede. Dit is plooibaar en tegelykertyd onvernietigbaar. Dit kan giftig wees, maar dit word tog op die mediese gebied gebruik vir die absorbering van skadelike straling. Daar word gereeld na die mediese gebied in haar werke verwys.
- McInnes kombineer industriële materiale met 'n tikkie vroulikheid. In ***Untitled (Ongetiteld)*** vorm sy lood dat dit die vorm van 'n voorskoot aanneem.

**FIGUUR 9b: Nandipha Mntambo, *Indlovukati***

- Mntambo het 'n kenmerkende estetika ontwikkel deur haar gebruik van beesvel, wat sy looi en op gietstukke van die vroulike liggaam – gewoonlik haar eie – vorm.
- Sy koop die vel so rou moontlik om sodoende soveel as moontlik kontak met die materiaal te hê – die reuk en teksture veroorsaak afkeer, maar lok ook 'n bewussyn vir die tasbare/liggaamlike uit.
- Die harige vel, gevorm in die vroulike vorm, word gebruik, soos Mntambo sê om '*opvattinge oor die voorstelling van die vroulike liggaam te bevraagteken en omver te werp*' en om '*persepsies van aantrekking en afstoting te ontwrig*'.
- Die fragmente van vorms – torso's, gesigte, ore – word in spesifieke groeperinge opgehang, op hulle eie of in verhouding met mekaar.
- ***Indlovukati*** is 'n enkele dofkleurige vel wat sensueel die rug en agterstewe van 'n majestueuse, spookagtige vrou afbeeld. Mntambo skryf: '*Deur die interpretasie van my eie en my moeder se liggame, het ek beheer oor die voorstelling daarvan geneem en die manier waarop kykers hierdie vorms in beide hulle materiële realisering en installasie teëkom, gelei. Die figure, alhoewel dit opgehang word, het selfversekerdheid in hulle houding en is bedoel om sensueel maar dubbelsinnig in hulle teenwoordigheid te wees. Terwyl hierdie fragmente van die vroulike vorm weersin mag ontlok, is dit weersin met die bedoeling om die oorblyfsels van lewe en die werklike teenwoordigheid van die liggaamlike, eerder as die vroulike liggaam as slagoffer, beskadig, mishandel of onderdanig, op te roep.*'

**FIGUUR 9c: Antoinette Murdoch, *Te kort skiet***

- Hierdie kunswerk het enorme visuele impak.
- Die trourok, wat uit maatbande geskep is en op 'n draadstutraam met die kunstenaar se afmetings geweef is, beheers die hele vertrek deur sy gevriesde, spookagtige troumars.
- ***Te kort skiet*** is kommentaar oor hoe daar van vroue verwag word om te konformeer, nie net volgens sekere fisiese afmetings nie, maar ook volgens ander norme.
- Die werk praat ook oor persoonlike verwagtinge en ideale en die vrees om nie daaraan te voldoen nie.
- Murdoch kry dit reg om materiale en objekte met sterk assosiatiewe kenmerke van die huis (plastiektafeldoeke), familie (kinderspeelgoed) en vroue se tuisteskeppersvaardighede (maatbande en rokpatrone) suksesvol te transformeer.

**FIGUUR 9d: Leora Farber, *Beauty Bar (Skoonheidsbuffet)***

- Leora Farber is veral bekend vir oordadige, arbeidsintensiewe beelhoukundige vorms in gepigmenteerde was waarin sy 'n verskeidenheid gevonde voorwerpe, wat gewoonlik blink, vlekvrye staal of medies, of die bybehore van mansklerasie, inkorporeer.
- In Faber se werk word die verhouding tussen vorm en inhoud streng beheer en haar akademiese strewes met betrekking tot die konstruksies van die vroulike identiteit en liggaamspolitiek kan teruggevoer word na teoretici soos Helene Cixous, Luce Irigaray en Julia Kristeva.
- Haar vroeëre 'bulimiese' skilderye het oordadige versamelings goedkoop, plastiekvoorwerpe, kreefdoppe en spieëls ingesluit, wat gelyk het asof dit letterlik vanuit die raam van die muur af wou ontplof, asof dit die skildery se 'morsige buik' wou ontbloot. Farber se begeerte om met oordaad te werk het kragtiger neigings getoon toe sy op maniere, wat onherroeplik oor beheer gegaan het, begin werk het.
- Plofbare chaos het stewig opgesluite inperking geword soos wat sy begin het om korsette, handskoene en ander vroulike kledingstukke te verander en die onderskeid tussen binneruimte en buiteruimte te laat saamsmelt. Vel word die plek en merker van beheer, 'n stof wat verander, ingetrek, stukkend gesteek of gemanipuleer kan word om te konformeer en toe te gee. Soos wat sy in die rigting van kwessies rondom die liggaam en tegnologie beweeg het, het Farber media soos video en fotografie, wat by hierdie verwantskap betrokke is, begin ondersoek.

**VRAAG 10: KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE EN INTERNASIONALE ARGITEKTUUR**

10.1 Leerders moet veronderstel dat hulle een van hierdie behuisingseenhede sal besit (FIGUUR 10b).

Met verwysing na die stelling en die visuele beeld in FIGUUR 10b, moet leerders die volgende in 'n paragraaf (½–1 bladsy) bespreek.

**Die gebruik van ruimte**

Daar word tans in Diepsloot en ander informele nedersettings krotte horisontaal en amper bo-op mekaar gebou. In hierdie scenario gaan behuisingseenhede vertikaal gebou word. Daar sal baie meer ruimte wees vir eienaarskap, verhuring van kamers en handel (spaza-winkels). In FIGUUR 10b dui die gekleurde simbole aan of die gebou vir een of twee eienaars is: hulle wissel volgens die gemeenskap se behoeftes. Die behuisingseenheid bestaan hoofsaaklik uit 'n woonkamer, slaapkamer(s), handelshuise en garages.

**Inkomste, koste en besigheidsgeleenthede**

Die behuisingstipes laat die eienaars toe om hulle kamers te verhuur vir 'n ekstra inkomste, asook vir kleinhandel en kleinsake-ondernemings. Meer inkomste sal meer werksgeleenthede tot gevolg hê en meer werksgeleenthede sal tot gevolg hê dat meer geld gemaak sal word. Baie eienaars sal vir 'n mikrolening aansoek doen om 'n kamer of handelsruimte te bou. Die eenhede sal dan onafhanklik en funksioneel word.

**Opgradering van die gemeenskap**

Met hierdie nuwe geboue sal die gemeenskap minder kompak ten opsigte van hulle huisvesting word. Hulle sal 'n goed gestruktureerde dak oor hulle koppe hê. Hulle krotte is nie bestand teen die weer of brand nie en hou 'n bedreiging vir die ander lede van die gemeenskap in. Daar sal elektrisiteit en water aan hulle voorsien word. Daar is tans geen toilette, lopende water en elektrisiteit in baie van die informele nedersettings nie. Hulle lewenstyl sal verbeter indien die eenhede gebou gaan word.

**Bekostigbaarheid**

Baie lede sal nie in staat wees om 'n eenheid te koop nie, maar hulle kan 'n kamer van 'n eienaar huur. Die eienaar sal vir 'n lening/subsidie aansoek moet doen. Die handelshuise kan verhuur of gekoop word, wat meer as een eienaar per behuisingseenheid tot gevolg kan hê.

**Estetika**

Alle eenhede sal ekovriendelik wees. Die eienaars sal in staat wees om die binneruimtes van hulle eenhede volgens hulle smaak te verf en te versier. Hierdie eenhede sal die voorkoms van Diepsloot en enige ander informele nedersettings verbeter. (8)

10.2 Leerders moet 'n kort opstel (ongeveer 1½ bladsye) skryf waarin hulle enige TWEE voorbeelde van argitektuur van Suid-Afrikaanse of internasionale oorsprong bepreek. (12)
**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou